

24 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 20:29-34 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 20:33

Meer as wat die oog kan sien

Byna 'n ooreenstemmende geskiedenis is gister behandel. Die periode waarin ons Here Jesus terughoudend was om die Messiaanse titel te aanvaar, was egter nou iets van die verlede. Laat almal weet dat hy opgaan na Jerusalem om as “*Seun van Dawid*” te gaan sterf. Daar is nie meer gevaar van 'n politiese opheffing nie.

Twee blindes waarvan die een volgens Markus (10:46) Bartimeus genoem word, hoor van die skare wat saam met Jesus na die Pasga in Jerusalem gaan en dat Hy by hulle verby gaan reis. Jesus stap dan buite Jerigo by hulle verby. Ten spyte van die skare se bestrawwing, hou die blinde bedelaars aan om na Hom te roep om hulp. “*Wees ons barmhartig, Here, Seun van Dawid!*” (vs. 31). “*Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?*” vra Jesus (vs. 32). “*Dat ons oë geopen mag word*” vra die manne (vs. 33).

Ons Here is met ontferming vervul. Die roepe van hierdie twee manne in die nood laat Hom stilstaan. Sy ore is altyd oop vir smeking om hulp. Sy hart was deur die jammerlike gesig van die twee blinde bedelaars aangeraak. Sy motiewe – verlossing, barmhartigheid en die eer van God. In liefdevolle belangstelling het Hy hulle oë aangeraak en hulle kon sien. “*En hulle het Hom gevolg*” (vs. 34).

Ons Here gebruik woorde vir die ore en aanraking vir die gevoel van hierdie siglose bedelaars. Die bomenslike resultaat was onmiddellik in die oog. Die manne kon sien! Lukas vertel hoe die skare aan God die lof gegee het (Luk. 8:35-43). Hierdie twee blindes het meer geweet as wat die oog kon sien en het vir Jesus gevolg.

Ons hoor die woorde van ons Here Jesus, ons voel sy aanraking in ons lewens. Ons smee ook dikwels om barmhartigheid en ons Here ontferm Hom altyd oor ons en gee ons dikwels meer as waarvoor ons vra. Volg jy Hom? Gee jy God die eer? Jy sal, wanneer jy meer weet as wat die oog kan sien.

Sing: Psalm 34:3, 4 (Totius)

Ds. DP Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)